



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE geenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf nie indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ✗
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is VERKEERD = ✗
Die rede/motivering/aanhaling = ✗, ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER NIE indien die aanhalingstekens ontbreek.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - Sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - Indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL****TOT SIENS MAKHAYA** [Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 Januarie 2011]

(532 woorde)

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • Raymond Booï • 'n Krieketafrigter van (die) Grens (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.2	C 'n seun met baie krieketalent gesien het.	1	2	1	3
1.3.1	Waar	1	2	1	3
1.3.2	“met die spoed van lig”	1	2	1	3
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hy was te groot. • Hy was te oud. (Enige EEN) 	1	2	1	1

1.5	<ul style="list-style-type: none"> Hy was 'n man met selfdisipline. ✓ Hy was baie hardwerkend. ✓ 	2	2	1	1
1.6	“alle rasse” (TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE)	1	2	1	1
1.7	“beïndruk”	1	2	1	1
1.8.1	C Perth in Nieu-Seeland	1	2	1	3
1.8.2	A Moses Mabida-stadion in Durban	1	2	1	3
1.8.3	B Mdantsane naby Oos-Londen	1	2	1	3
1.9	Ja. 'n Mens kry gewoonlik 'n medalje vir goeie prestasie. OF Nee. 'n Goeie sportman behoort meer as net 'n medalje te kry. (Of soortgelyk)	1	2	1	4
1.10	<ul style="list-style-type: none"> Hy kom van die dorpie, Mdingi. Hy boul baie vinnig. 	2	2	2	3
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Hy sal nog vir die Oos-Kaap Warriors speel. Hy gaan hom besig hou met sy krieketakademie. 	2	2	1	1
1.12	krieket wil gebruik om die arm mense te help.	1	2	2	3
1.13	<ul style="list-style-type: none"> 'n Mens kan uitstyg bo jou omstandighede. 'n Mens moet erkenning gee aan mense wat jou gehelp het om sukses te behaal. 'n Mens moenie grootpraat oor jou sukses nie. 'n Mens moenie jou ondersteuners vergeet nie. (Of soortgelyk)	1	2	3	4
1.14.1	Feit	1	2	2	3
1.14.2	<ul style="list-style-type: none"> “Hy gee erkenning aan almal wat hom op sy suksespad gehelp het.” “Hy bedank ook sy ondersteuners van die afgelope twaalf jaar.” (Enige EEN)	1	2	2	3
1.15	Ja. 'n Mens moenie vergeet waar jy vandaan kom nie. OF As jy sukses in die lewe behaal (het), moet jy terugploeg in jou gemeenskap.	1	2	2	4
SUBTOTAAL: 22					

TEKS B: ADVERTENSIE					
<i>Hoezit!</i> [Verwerk uit: <i>Taalgenoot</i> , Februarie 2010]					
(44 woorde)					
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.16	sluit aan by die taalgebruik van die jongmense	1	2	2	3
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Dat leerders die tydskrif baie interessant gaan vind • Dat leerders die tydskrif sal geniet • Lekker • Interessant (Of soortgelyk)	1	2	1	4
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • Dit beklemtoon die woord. • Dit laat die woord uitstaan. • Dit word gebruik om die leser se aandag te trek. (Enige EEN)	1	2	2	4
1.19.1	Waar	1	2	2	3
1.19.2	sukseskombinasie	1	2	2	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> • Die tydskrif sal altyd meer/nuwe dinge/kennis aanbied. • Die tydskrif bevat 'n verskeidenheid/baie onderwerpe. (Of soortgelyk)	1	2	2	4
1.21	“pretboek” ✓ “breinkrag” ✓	2	2	1	1
SUBTOTAAL:		8			

TOTAAL AFDELING A: 30

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3
	40%	40%	20%
Teks A:	10	9	3
Teks B:	2	3	3
TOTAAL:	12	12	6

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: OUER, WEES BETROKKE BY JOU KIND SE SKOOLLEWE**[Verwerk uit: *Kuier*, 3 Augustus 2011]**ASSESSERINGSRIGLYNE****RIGLYNE GELD SLEGS VIR 2011/HEREKSAMEN 2012****PUNTETOEKENNING**

	PUNTE
Hoofgedagtes (1 punt per hoofgedagte ongeag aanhalings, sinsnede of eie sinne)	7
Taal	3
	10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in sinsnedes aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 hoofgedagtes korrek	1
4–5 hoofgedagtes korrek	2
6–7 hoofgedagtes korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)

Feit	7
Taal	3
=	10

LET WEL**Formaat:**

Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word. Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe getal woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

VRAAG 2: OUER, WEES BETROKKE BY JOU KIND SE SKOOLLEWE	
[Verwerk uit: <i>Kuier</i> , 3 Augustus 2011]	
Direkte aanhaling	Moontlike verwerking
1 Jy as ouer help om die skool goed te laat funksioneer wanneer jy deel van jou kind se skoollewe is. Só word jy deel van jou kind se leerervaring.	1. Jy moet deel wees van jou kind se skoollewe.
2 Jy as ouer moet sorg dat jou kind gereeld skool bywoon. As jou kind klasse misloop, gaan waardevolle tyd verlore wat hulle moeilik inhaal. As jou kind eers agter geraak het met skoolwerk, raak dit moeilik om by te hou met nuwe werk.	2. Jy moet sorg dat jou kind gereeld skool toe gaan.
3 Party kinders gebruik taxi's of busse om by die skool te kom. Ander kinders word by die huis opgelaai of die ouers neem hulle self skool toe. Jy as ouer moet belangstel in jou kind se skoollewe en seker maak dat jou kind altyd betyds by die skool is.	3. Jy moet seker maak dat jou kind betyds by die skool kom.
4 Dit is jou plig om toe te sien dat jou kind elke dag genoeg tyd het om tuiswerk te doen. 'n Kind moenie te veel huistakies as verskoning hê om nie by tuiswerk uit te kom nie.	4. Jy moet toesien dat jou kind tyd het om tuiswerk te doen.
5 Daar is baie verskillende boeke, koerante en tydskrifte in winkels en biblioteke waaruit kinders kan kies. Jy as ouer moet jou kind aanmoedig om gereeld te lees. Kinders wat baie lees, se woordeskat brei uit.	5. Jy moet jou kind motiveer om gereeld te lees.
6 Kommunikasie tussen 'n ouer en 'n kind is baie belangrik. Gesels elke dag oor enige iets met jou kind. Net soos lees, help kommunikasie om kinders se taalvaardigheid te verbeter.	6. Gesels daaglik oor enige iets met jou kinders.
7 Jy as ouer kan wys dat jy in jou kind belangstel deur oueraande by te woon. Dis waar jy uitvind hoe jou kind vorder en hoe jy die skool kan ondersteun. Kinders wie se ouers só betrokke is by die skool, se kans op akademiese sukses is groot.	7. Jy moet oueraande bywoon.
271 woorde	64 woorde
TOTAAL AFDELING B: 10	

AFDELING C: TAAL**WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Wanneer verlede tyd getoets word, moet **ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien aangedui word hoe 'n sin moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Wat kook in Joburg, Durbs en Kaapstad? [Verwerk uit: *Vrouekeur*, 15 April 2011]

	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
3.1	Durban	1	4	2: Vertaal uit huistaal.	2
3.2.1	konnotasie	1	4	3: Verstaan begrip konnotasie korrek (dieperliggende betekenis).	3
3.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die woord "kook" word figuurlik gebruik. • Dit kook nie letterlik/regtig nie. • Dit is beeldspraak. (Enige EEN) 	1	4	3: Lei geïmpliseerde betekenis af.	3
3.3	Teken in ✓ op ons gereelde ✓ nuusbrief.	1 1	4	1. Pas kennis toe van 'n verskeidenheid spelpatrone en -reëls.	3
3.4	inligting	1	4	1 Gebruik afleiding om nuwe woorde te vorm.	1
3.5	verniet	1	4	1: Gebruik sinonieme korrek.	2
3.6	B bevat baie interessante inligting om te lees.	1	4	3: Herken alternatiewe uitdrukkingswyses.	3
3.7	stadslewe	1	4	1: Vorm samestellings.	1
3.8	<p>... dit suggereer dat mense wat die platteland/dorpslewe verkies, dom is.✓</p> <p>OF</p> <ul style="list-style-type: none"> • ... dit suggereer dat net stedelinge/mense wat in die stad woon, slim is.✓ • ... dit suggereer dat die stadslewe beter as die dorpslewe/platteland is.✓ (Of soortgelyk) 	1	4	3: Identifiseer gevoels-, oordedings- en partydige of stereotipiese uitsprake.	4
SUBTOTAAL:		10			

VRAAG 4: STROKIESPRENT [Verwerk uit: <i>Beeld</i> , 17 Februarie 2011]					
	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.1	Wie was by die deur (gewees), Helga?	1	4	1. Gebruik die verlede tyd korrek.	1
4.2	dr. (Die punt moet daar wees.)	1	4	1. Gebruik afkorting korrek.	1
4.3	Wie wil met jou praat? (Vraagteken moet aan einde van sin wees.)	1	4	1. Gebruik korrekte omskakeling: bevelsin na vraagsin.	3
4.4	doodsiek/hondsiek	1	4	1: Gebruik intensiewe vorme korrek.	3
4.5	Daar is niemand ✓ by die deur nie .✓ OF Daar is (nie iemand ✓) by die deur nie .✓	2	4	2: Gebruik ontkennde vorm korrek: iemand > niemand en 'n nie aan einde van sin , of die gebruik van die dubbele nie (verskillende maniere).	2
4.6	Hy wil weet: "Is iemand siek in dié huis?"✓✓ OF Hy wil weet: "Is iemand in dié huis siek?"✓✓ (Punt vir korrekte puntuasie)	2	4	2. Woordorde korrek EN korrekte leesteken (vraagteken) aan die einde voor die aanhalingsteken.	1
4.7	siekste	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek.	2
4.8	<ul style="list-style-type: none"> Dokter Zook sal/gaan siek mense by die huis besoek. Dokter Zook sal/gaan siek mense besoek by die huis. (Enige EEN) 	1	4	3. Gebruik toekomstige tyd korrek.	1
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 5**TEKS A: WENKE OM MISDAAD TE BEVEG, BEGIN BY JOU!** [Verwerk uit: *Kuier*, 22 Desember 2010]

	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	<ul style="list-style-type: none"> • -li- • po-li-sie (Enige EEN) 	1	4	1. Gebruik woordeboek om klem korrek toe te pas.	1
5.2	plekkie	1	4	1: Gebruik verkleiningsvorm korrek.	2
5.3	B skelm	1	4	2: Gebruik 'n wye verskeidenheid figuurlike taal soos idioome gepas.	3
5.4	<ul style="list-style-type: none"> • Geweld of mishandeling moet (ge)rapporteer word. • Geweld of mishandeling moet deur jou (ge)rapporteer word. • Geweld of mishandeling moet gerapporteer word deur jou. (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik passief/lydende vorm korrek.	1
5.5	telefone	1	4	2: Gebruik meervoud korrek.	1
5.6	Die man sê dat hy ✓ miljoene rande oor die foon kan maak. ✓ OF Die man sê dat hy ✓ miljoene rande kan maak oor die foon. ✓	2	2	2: Gebruik indirekte rede korrek: ek > hy . Woordorde korrek.	2
5.7	PIN/pin	1	4	1: Gebruik 'n wye verskeidenheid alledaagse afkortings/akronieme.	2
5.8	hulp	1	4	2: Gebruik afgetrokke selfstandige naamwoorde korrek.	1
5.9	Jy behoort nie baie geld by 'n OTM te onttrek nie. Jy behoort nie baie geld te onttrek by 'n OTM nie.	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief, behoort ... te , + ww.	1
5.10	vreemdelinge/vreemdes/ onbekendes	1	4	1: Gebruik een woord vir 'n omskrywing korrek en gepas.	3
5.11	'n Mens ✓ moet nooit jou drankie neersit,✓ wegloop en later terugkom om dit te drink nie.	2	4	3: Gebruik hoofletters en punktuasie korrek.	4

5.12	vier-en-veertig OF vier en veertig	1	4	2: Gebruik telwoord korrek.	1
5.13	waarvoor	1	4	2: Gebruik betreklike voornaamwoord korrek: wat > waar; vir > voor.	2
SUBTOTAAL: 15					

TEKS B: PRENT [Uit: Huisgenoot.com , 12 Maart 2009]					
5.14	Jy kan aan sport deelneem, al is jy gestrem.	1		2. Gebruik groep 2 voegwoorde korrek; voegwoord → hulpww → s.nw.	2
5.15	Die seuns oefen elke dag getrou by die huis.	1		2: Gebruik gepaste woordorde in sinne sonder om betekenis te verander. Volgorde van bywoordelike bepalings: tyd, wyse en plek.	2
5.16	gebruik	1		1. Herken woorde wat verwar.	1
5.17	oor	1		2. Identifiseer korrekte voorsetsel.	1
5.18	gestremde	1		2: Gebruik deelwoorde korrek. Verlede deelwoord: ge + strem + de.	2
SUBTOTAAL: 5					
TOTAAL AFDELING C: 40					
GROOTTOTAAL: 80					